Laerskool Lynnwood
Hoop • Glo • Dien

# LYNNIES BEELD

ONS EIE WEEKLIKSE NUUSBLAD

www.lynnwoodlaer.co.za

Tel: 012 348 1306 / 012 348 8894 | admin@lynnwoodlaer.co.za | Posbus 74929, Lynnwoodrif, 0040

Kwartaal 2: Nommer 5 – 16 Mei 2025

## KULTUUR

### KUNSTE AKADEMIE

**PIERNEEFTEATER KUNSTEFEES**

Geluk aan juffrou Carli se Dramaleerders. Hulle vaar uitstekend by die Pierneefteater Kunstefees wat tans plaasvind.

Spesiale erkenning gaan aan Eike Bosch (graad 3) en Michael Murray (graad R) wat tydens die eerste week van die fees as medaljewenners vir hul onderskeie grade se Gedramatiseerde Poësie afdelings aangewys is.





Baie geluk aan Olivia Opperman en Amelia Murray met hulle medaljes by die Pierneefteater Kunstefees! Hulle is aangewys as afdelingwenners van onderskeidelik die Poësie graad 4 en Gedramatiseerde Poësie graad 2 afdelings.





### REDENAARS

**ATKV**

Foto's van leerders wat die afgelope naweek aan die ATKV redenaars deelgeneem het. Ons is trots op elke leerder wat hieraan deelgeneem het.













**Vind hiermee die volgende redenaarskompetisie datums vir u gerief.**

- **Kansvatters**

**Skakel:** https://petrusjacobslive.co.za/kansvatter/

**Spanne:**
Sluitingsdatums vir inskrywings: 23 Mei 2025

- **OppieTongAf**

**Skakel:** **https://oppietongaf.co.za/**
**Individue:**
Sluitingsdatum vir inskrywings: 16 Mei 2025

**Spanne:**
Sluitingsdatum vir inskrywing: 27 Junie 2025 (skool skryf leerders in, meer inligting op d6 beskikbaar)

- **Radikale Redenaars**

**Skakel:**
**https://sites.google.com/view/radikaleredenaar/afrikaans**

**Redenaargedagte vir die week:**
*"Sometimes it only takes one song to bring back a thousand memories".* – Dirty Dancing

## KORE

Die Juniorkoor en Seniorkoor het aan die Pretoria Eisteddfod deelgeneem en baie goed presteer. Hulle albei ontvang 'n Goud vir hul deelname. Ons is baie trots op die kore wat pligsgetrou oefen. Hulle het pragtig gesing en Lynnies se naam hoog gehou. Ons wens hul sterkte toe vir die naweek se ATKV-Applous kompetisie.

Juniorkoor optrede





Die busrit was die hoogtepunt vir die koor!

*Seniorkoor voor optrede by Laerskool Tygerpoort*




Seniokoor het verlede Saterdag by die Voortrekker Monument deelgeneem aan die Monumentale Koorfees. Dit was 'n belewenis!







# AKADEMIE

## SKEPPENDE KUNSTE

Die graad 6 leerders het patroonvorming op skulpe geoefen en daarna kreatief geraak deur prente te maak daarmee.




## SLIMSTREKE

Die volgende 3 leerders, Miné de Wet, Emke Pieterse en Liam Venter was verkies om aan Die Hoërskool Wilgers se vasvrakompetisie deel te neem op Maandag, 12 Mei 2025.

Dit was groot pret, aangesien dit in die formaat van: *Vinnige vingers eerste*, aangebied is. Dit was 'n geleentheid om hul algemene kennis op 'n prettige en kompeterende wyse uit te brei.




# DAGBESTUUR

Die Dagbestuur wens die hoof van Pretoria High School for Girls, mevrou Erasmus, geluk met haar verjaarsdag.




**Opleiding**

Maryna Stevenson het die Dagbestuur kom toespreek oor korrekte kleredrag vir elke geleentheid en watter belangrike boodskap dit kan uitstuur aan ander. Oulike idees en modegiere is bespreek en sinvolle kombinasies is uitgelig.










# MOEDERSDAG 2025 KOMPETISIE WENNERS



**Gr.1 - JF Nel**
**Gr.2 - Anzel Swart**
**Gr.3 - Tahlia Ströh**
**Algehele wenner - Ava Pieterse**



**Gr.4 - Hannah Potgieter**
**Gr.5 - Mienke Els**
**Gr.6 - Elisna van Wyk**
**Gr.7 - Denay Kretzschmar**
**Algehele wenner - Miné de Wet**


JF


Tahlia


Anzel

Die Beste Ma Ooit.

Mamma jy maak my dag.
Jy laat my lekker lag.
Elke dag is vol plesier,
ek wil sommer elke dag vier.
Haar liefde vir jou is duidelik sigbaar
Sy hou ons gesin bymekaar.
Sy ry ons rond van plek tot plek
Selfs al maak ons haar soms gek.
Sy't 'n omgeehart wat almal kan sien
Sy gee ons meer as wat ons verdien
Dankie mamma vir alles wat jy doen
Jy verdien 'n baie groot soen.

van Mienkie


Hannah

My super-mamma

Ek het een van daardie supermammas gekry,
wat met die familiemotor die spoed van 'n Ferrari kan ry.

Sy is vertroosting vir seer hartjies en rooi ogies vol trane,
'n vernuftige kok met 'n yskas vol planne.

Sy kan koor-bollas maak en netbalrokkies stik,
en met een hand 'n skooltaak help tik.

Sy is 'n persoon na wie ek kan opkyk,
iemand wie nooit van haar doel afwyk.

As ek laatnag nog rondrol en vrees vir die donker,
of die lewe my inhaal en ek begin wonder:

Hoe ek ooit al my huiswerk en leerwerk gaan klaarkry,
dan glimlag en stap sy die pad saam met my.

Miné

As die sonskyn, as dit reën
Is mamma daar om ons te ondersteun
Mamma is soet, warm en slim
Soms is mamma self 'n skim
Mamma weet altyd wat makeer.
En mamma help my NW leer.
Dankie mamma vir die harde werk
Wat mamma insit; dit maak ons sterk

Elisna


Ava

My ma, die kunstenaar van my lewe
~Denay Kretzschmar 7O

My ma verf sterre as ek bang is vir nag
soms verf sy my glimlag en maak so my dag
Met elke kleur van haar sorg en haar krag
maak sy my wêreld helder, vol liefde en sag

Met elke kwasbeweging gemaak van liefde reguit
help sy my graag, al is ek in twee geskeur
sy is die antwoord op my grootste vraag
my ma is altyd daar, so sag en gaaf

Sy is die kunstenaar van my groei en my strewe
die een wie se hart nooit opgee, net lewe
Sy leer my vriendelikheid en genade
en wys my hoe om lief te hê, sonder skade

Denay

# SPORT

## LANDLOOP

Lynnies se landloopspan het op Saterdag, 10 Mei 2025 aan die eerste klub-liga deelgeneem te Laerskool Fleur. Daar was **53** atlete wat die landlooproete aangedurf het. Ons is baie trots op hulle!



**Hier volg die uitslae van Liga 1:**

**Dogters o/8 (1 km)**

| Naam en Van | Plek |
|---|---|
| Mia Ströhfeldt | 1 |
| Caley Lubbe | 6 |
| Lika Pienaar | 16 |
| Cara Booysen | 24 |
| Isabelle Barnard | 30 |
| Alex Minty | 34 |
| Mianelle Jonker | 38 |
| Ava Pieterse | 48 |
| Lizette Botha | 53 |
| Lisa Boshoff | 74 |

**Dogters o/9 (2 km)**

| Naam en Van | Plek |
|---|---|
| Lua Snyman | 14 |
| Elizabeth De Beer | 15 |
| Charlotte Oelofsen | 16 |
| Ilané Schalekamp | 22 |
| Megan Van Rooyen | 55 |
| Elle Slabbert | 63 |

**Dogters o/10 (2 km)**

| Naam en Van | Plek |
|---|---|
| Lemay Van der Westhuizen | 3 |
| Lynicke Pienaar | 6 |
| Sharné Pretorius | 21 |
| Minay Boshoff | 25 |
| Miané Naude | 36 |
| Leah Dippenaar | 64 |
| Aimeé Van Zyl | 70 |

**Dogters o/11 (3 km)**

| Naam en Van | Plek |
|---|---|
| Zanelle Geertsema | 11 |
| Pepenene Rea-Leboha | 23 |
| Annabelle Janse van Rensburg | 32 |

**Dogters o/13 (3 km)**

| Naam en Van | Plek |
|---|---|
| Hape Pepenene | 33 |
| Milla Roux | 52 |

**Seuns o/8 (1 km)**

| Naam en Van | Plek |
|---|---|
| JJ van der Westhuizen | 10 |
| Jan Van Zyl | 20 |
| Reinhardt Nel | 25 |
| Hanno De Wet | 27 |
| Johannes Moolman | 39 |
| Hugo Slabbert | 53 |
| Kobus Prinsloo | 56 |
| Nico Barnard | 63 |

**Seuns o/9 (2 km)**

| Naam en Van | Plek |
|---|---|
| Francois Van Dyk | 1 |
| Adriaan (JG) Strijdom | 1 |
| Rikus Geertsema | 1 |
| Jacques Theron | 1 |
| Malan Müller | 1 |
| James Slabbert | 1 |

**Seuns o/10 (2 km)**

| Naam en Van | Plek |
|---|---|
| Wian Slabbert | 1 |
| Thaydon Grobler | 1 |
| Nian Stander | 1 |
| MJ Prinsloo | 1 |
| Christoff Botha | 1 |

**Seuns o/11 (3 km)**

| Naam en Van | Plek |
|---|---|
| Matthew Gavin | 1 |
| Benjamin Ströhfeldt | 1 |
| Jean Roux | 1 |
| Arren Hudd | 1 |

**Seuns o/13 (4 km)**

| Naam en Van | Plek |
|---|---|
| Kyle Hudd | 20 |
| Liam Burger | 64 |

## MINI-NETBAL

Die graad 2 en 3 netbalspelers het op Donderdag, 8 Mei hulle liefde vir netbal op die netbalbane uitgeleef tydens hulle eerste mini-netbal Rondomtalie te Laerskool Wierdapark. Elke dogter is 'n puik netbalspeler.

Lynnies is baie trots op julle!











## BUITE-KURRIKULÊRE PRESTASIE

### AKROBAAT

Baie geluk aan Elbé Olivier, sy dring deur na Gauteng-Noord kompetisie, wat tussen 26 en 31 Mei plaasvind.




## VOORTREKKERS



# OUERLEIDING

**DIE KWESSIE VAN VERLORE GOED**



Verlore goedere bly 'n onnodige kopseer by 'n skool.

As ons die skool se waardes regtig wil eerbiedig, moet ons eerlik met onsself wees en bewus word van ons verantwoordelikheid om na ons besittings om te sien. Ons moet respek vir onsself en ons besittings hê sodat ons skool nie nodig het om verlore goedere te bestuur nie. Wanneer ons iets sien rondlê wat aan iemand anders behoort, is dit die regte ding om dit aan die persoon te oorhandig. Op hierdie manier gee ons vir mekaar om.

Dis egter onrusbarend om te beleef dat kinders toenemend hul eiendom verlê en dat dit nie opgeëis word nie. Van skoolklere tot kosblikke word daagliks op die terrein opgetel en na die verlore klere huisie geneem wat nou langs die telbord, naby die krieket klubhuis is. Die onopgeëiste besittings sal aan die einde van elke maand aan 'n welsynsorganisasie geskenk word. Van die skool se kant af word alle redelike pogings aangewend om hulp te verleen om verlore eiendom op te spoor en indien dit gemerk is terug te besorg aan die eienaar. Dit bly egter die kind se verantwoordelikheid om hul besittings op te pas en dit te gaan soek as dit verlê is.

**Wat kan ek as ouer doen?**

* Verduidelik van kleins af aan jou kind die waarde van besittings sodat jou kind verstaan wat dit beteken as dit vervang moet word.
* MERK jou kind se besittings duidelik. 'n Ouer se telefoonnommer help ook om 'n eienaar op te spoor.
* Maak elke dag seker jou kind het alles ingepak.
*Help mekaar om besittings te vind. Indien jy 'n maat se verlore eiendom sien, neem dit om dit vir die maat te gee.
*Stuur dadelik klere terug skool toe wat nie aan jou kind behoort nie en per abuis in jou kind se tas gepak is.




## 2025 SKOOLKWARTALE EN VAKANSIEDAE

**Kwartaal 2**
Maandag, 16 Junie (Jeugdag) PUBLIEKE VAKANSIEDAG

SKOOL SLUIT:- Vrydag, 27 Junie

**Kwartaal 3:** **22 Julie tot 3 Oktober**

**Kwartaal 4:** **13 Oktober tot 10 Desember**

## GHOLF- EN ROLBALDAG




**KLIEK HIER VIR NUWE INLIGTING:**
https://drive.google.com/file/d/1logfrlExRciUF7XtlDyLPr-MYi4VJnoK/view?usp=share_link




**KLIEK HIER VIR NUWE INLIGTING:**
https://drive.google.com/file/d/1kTBA9aGjKEpvItNFYMrLCj-ktU38-hYp/view?usp=share_link

## PERSONEELVERJAARSDAE

**M E I**

17 Charisma Löhmann (o/w ass)
19 Anne-Marie Swart (naskool)
21 Nicky Grant-Curtayne (Kas-Spensie)
23 Miné Grobler (o/w)
28 Casper Olivier (o/w) en Gisela Tribelhorn (o/w)
29 Nelia de Klerk (pre-prim)




**J U N I E**

4 Pricilla Mabena (pre-prim alg. ass)
5 Ethan Gouws (Krieket Akademie)
6 Estian Esterhuizen (o/w) en Gisela Tri
10 Dinah Motau (naskool)
13 ObreyMamengena (alg. ass)
14 Shadrack Mojadithigo (alg. ass)
16 Paulinah Kekae (alg. ass) en Benny Thaga (alg. ass)
19 Anje Burger (pre-prim)
21 Danielle de Witt (o/w)
23 Eudene Swart (o/w)
24 Joshua Grové (intersen. ass),
Bernie Bezuidenhout (o/w ass)
en Morris Tshabangu (alg. ass)
26 Christa Cronje (naskool)
29 Ilse Deneys (naskool)

## HOËRSKOLE OPEDAE




## LYNNIES BIDGROEP




<u>BID VIR LYNNIES</u>

Woensdae 07:25 voor die hoofhek.

Kontak Anlia 082 927 1020

om deel te word van die WhatsApp groep.

## DRAKENSBERG BOYS CHOIR




Hot off the heels of a magical Music in the Mountains festival held on its home campus in the Drakensberg just two weeks ago, the internationally acclaimed Drakensberg Boys Choir is now preparing to bring its signature sound to Johannesburg with the Drakensberg Boys Choir Music in the City 2025. This four-day choral showcase will take place from 18 to 21 June 2025 on the iconic Nelson Mandela Stage at Joburg Theatre.

**Audiences can look forward to an electrifying line-up featuring the following concerts:**

- Wednesday, 18 June at 18:30 – Voices of Unity Choral Celebration (R200 per ticket)
- Thursday, 19 June at 18:30 – Voices of Unity Choral Celebration (R200 per ticket)
- Friday, 20 June at 18:30 – Drakensberg Boys Choir Concert (R280 to R420 per ticket)
- Saturday, 21 June at 19:00 – Drakensberg Boys Choir Gala Concert (R280 to R420 per ticket)

We invite parents, staff and learners to come and enjoy the spectacular performances that Music in the City 2025 will bring. Tickets are on sale now!
Please visit www.dbchoir.com and www.joburgtheatre.com to purchase your tickets.

**<u>Steve Stolk</u>**
**UITVOERENDE HOOF**


WIN A HOLIDAY WORTH
R 200 000
-only 250 tickets available
Your dream holiday for R2000 a ticket
All inclusive
Mauritius getaway
for 5 people!
16-23 December 2025
SPEND 7 GLORIOUS ALL-INCLUSIVE
DAYS AT THE BEACHCOMBER
VICTORIA HOTEL
https://jhbgymnasticsclubfundraiser.online/
ALL PROCEEDS WILL GO TO OUR FUTURE OLYMPIC GYMNASTS!
JGC


ELEVATE YOUR STANDARDS,
ELEVATE YOUR SUCCESS
Did you know that grooming, dress, and interpersonal interactions are essential aspects of professionalism?
Ready to elevate your professional presence?
Book a coaching session with me or send me a message to learn more.
078 460 1288
078 460 1288
www.marynastevenson.co.za


gro
LIFE COACHING
Leonie du Preez
Life Coach
082 718 7052
leonie@grolife.co.za
www.grolife.co.za


Groot
Boks
Groot
Idees
BIG BOX
Omskep Groot Pret
bigbox.co.za 0861 44 74 74